# HEBREËRS 6:1-10

**TEMA:** **Geestelike Volwassenheid**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld. Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: HEBREËRS 6:1-10

**Heb 6:1 Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God,**
**Heb 6:2 van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.**
**Heb 6:3 En dit sal ons doen as God dit toelaat.**
**Heb 6:4 Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het,**
**Heb 6:5 en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld,**
**Heb 6:6 en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.**
**Heb 6:7 Want die grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val, en nuttige plante voortbring ter wille van hulle vir wie dit ook bewerk word, het deel aan die seën van God.**
**Heb 6:8 Maar as dit dorings en distels oplewer, deug dit nie en is naby die vervloeking—die einde daarvan is verbranding.**
**Heb 6:9 Maar, geliefdes, ons is aangaande julle van beter dinge oortuig, dinge wat saamhang met die saligheid, al spreek ons ook so.**
**Heb 6:10 Want God is nie onregverdig om julle werk te vergeet nie en die liefde-arbeid wat julle betoon het vir sy Naam, omdat julle die heiliges gedien het en nog dien.**

-o0o-

## 1. BEGIN VAN PREDIKING

**Heb 6:1 Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God,**

i) Die begin van prediking is die fondament wat gelê is in die eerste plek van bekering uit die dooie werke.

ii) Dit is die skeiding van die werke van die wêreld. Jy wil nie meer die wêreld behaag nie, jy wil nie meer die vlees dien nie. Dis die skeiding van die wêreld. Dit is die begin. Dit is die fondament. Dit is hartseer dat baie kinders van die Here nog nie daar is nie.

Ons moet begin om die Woord reg te verstaan!

**Die bekering uit dooie werke**.

- Dooie werke is goed wat jy doen wat vir jou niks beteken nie. Dit het geen ewigheidswaarde nie.
- Om skatte bymekaar te maak of om mense te probeer beïndruk, het geen waarde nie. Dit is begeertes van die vlees. Dit is dinge van die wêreld waarin die kinders van die Here so baie betrokke raak. Hy noem dit dooie werke. Die bekering van dooie werke.

Plaas jouself op die altaar en besluit hoeveel van jou werke is lewende werke, en dra dit wel ewigheidswaarde. Hoeveel van jou dag, hoeveel van jou geld, of jou tyd het ewigheidswaarde. Hoeveel

van jou asem wat uit jou mond gaan, het ewigheidswaarde en is dit daar as ‘n ewige loon. Dit is die bekering uit dooie werke en die geloof in God.

**Die leer van die doop**

**Heb 6:2 van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.**

Baie kinders van die Here verstaan dit verkeerd. Daar is net een doop. Baie praat van hul is gedoop toe hul klein was.

Daar is nie klein of groot doop nie. In die Bybel is net een doop en dit is die doop van die bekering. Die doop van bekering is ‘n openbare belydenis, dat die daad/aksie gekies word om te sterf vir die dooie werke van die wêreld, en deur te beweeg na die koninkryk van die Lig. Met ander woorde ***sterf*** *af van die koninkryk van die duisternis, deur die* ***watergraf*** *van die wedergeboorte en word dan* **opgewek** *as ‘n* ***nuwe skepsel*** *in Christus Jesus*. Dit is die betekenis van doop.

Baie kinders van die Here sukkel nog met dit. Die Bybel sê dit is die begin en die fondament wat gelê moet word in jou lewe. Onthou as jy Hom voor die wêreld bely, sal Hy jou voor die Vader bely. Dit is die begin van die fondasie van bekering. Daar is egter baie wat nie glo in die ewige oordeel nie.

**Heb 6:3 En dit sal ons doen as God dit toelaat.**

Ons moet nou klaar kry met hierdie dinge. Ons kan nie vassteek by bekering, dooie werke en die geloof in God en die leer van die doop, en handoplegging nie. Ons moet begin **groei,** groter word en die leer van Christus Jesus in ons lewe te **implementeer.**

## 2. GEESTELIKE VOLWASSENHEID

**Heb 6:4 Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het,**
**Heb 6:5 en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld,**
**Heb 6:6 en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.**
**Heb 6:7 Want die grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val, en nuttige plante voortbring ter wille van hulle vir wie dit ook bewerk word, het deel aan die seën van God.**

Hierdie is ‘n baie diep onderwerp.

1. Ek glo dat soos ‘n mens groei in die Here, bereik jy ‘n geestelike volwassenheid sodat die krag van God deur jou begin werk en jy kom in ‘n posisie om ‘n geestelike vader te kan word. As jy op ‘n vlak van bediening gekom het waar geestelike kinders in jou hande geplaas is en jy dan tot ‘n val kom gaan jy baie moeilik weer opstaan. Hoekom? Die Seun van God wat jy veronderstel is om uit te lewe, het jy dan weer openlik, in die openbaar tot ‘n skande gemaak. Dit gaan baie moeilik wees om weer geestelik te herstel.
2. Hy praat van die grond (ons), die reën indrink wat daarop val (die heerlikheid van God), die openbaring van God, die manna uit die hemel wat vir ons gegee word (vers 4 – vergelyk met reën) Nuttige plante – is as daar saad gebaar word. Hierdie is vir geestelike vaders bedoel. Hierdie volwassenheid in God is deel van Sy outoriteit in gesag. Hy deel aan die seën van God.

**Die Oordeel**

**Heb 6:8 Maar as dit dorings en distels oplewer, deug dit nie en is naby die vervloeking—die einde daarvan is verbranding.**

-o0o-

Sodra hierdie reën (die heerlikheid van God) wat ingedrink word, verdraai word, spruit dit 'n ander lewe van **negatiwitei**t voort. Dit is die vloek van dorings en distels in Génesis toe God die aarde vervloek het. Dit deug vir niks goeds nie en die einde daarvan is verbranding. Dit is die oordeel.

Die vrug wat ons moet uitlewe in ons geestelike volwassenheid, wanneer ons in hierdie hoë posisie van vaderskap funksioneer, kan ons nie anders as om nuttige plante voort te bring nie. Vers 7 vereis spesifiek dat ons moet weer vrug dra en vrug uitlewe. Dit moet die **Woord** wees.

- Die vrug wat ons dra moet altyd Christus verheerlik, soos Christus die Vader verheerlik.
- Die identiteit van die saad moet in die vrug sigbaar wees.
  - As jy die saad van Christus ontvang het, maar jy bring dan dorings en distels voort, sal jy die ewige oordeel ontvang.
  - As jy dorings en distels oplewer, weeg dit geen gewig nie en is naby vervloeking; die einde daarvan is verbranding, die ewige verdoemenis.

Wanneer ons sê ons is geestelike vaders en moeders en volwasse in die Here, moet die vrug wat ons voortbring, niks anders wees, as die Woord en die liefde van Jesus Christus en Sy omgee nie.
- o Jesus Christus is die volmaakte voorbeeld van die Vader wat Hy aan ons kom openbaar het. Hy het geen ander voorbeeld vir ons om stel nie.
- o Hy het die Vader aan ons kom openbaar, naamlik die Vader se hart.
- o Ons kan nie iets anders as die beeld wat Christus ons gegee het, voort lewe nie. Anders is ons vals en sal die oordeel oor ons kom.

**Selfverryking**

Geldmaak en al hierdie ander goed is verby.
- ▪ Jy kan nie jouself verryk uit dit wat God jou gegee het nie.
- ▪ Alles wat jy ontvang het, geld, tyd, is daar gestel as 'n middel tot 'n doel.
- ▪ Dit is nie daar om onsself te verryk om eie koninkryke te bou nie.
- ▪ Besigheidsmanne moet geleer word om koninkryk beginsels toe te pas. Dit wat jy ontvang het, is net daar om te doen wat God vir jou gedoen het. Besigheidsmanne het gawes ontvang om besigheid te kan doen om bedienings en instansies te kan versorg.
  - ❖ 'n Saaier kan nooit saai as hy nie saad in sy hand het nie.
  - ❖ Daarom het besigheidsmanne die gawe ontvang om besigheid te kan doen sodat hulle bedienings kan befonds en nie hulself verryk nie, maar alleenlik om die koninkryk van God uit te lewe, anders bring hul dorings en distels voort en is onder die oordeel. Die woord sê so! Dit is die waarheid.

**Beplanning**

- Hoe beplan ons ons jaar, ons lewe?
- Is God in ons jaarlikse beplanning en deel van dit wat vir ons voorlê, of moet Hy maar aan die agterste speen suig?
- Gee ons regtig vir Hom die beste van ons oeste, want dit was in elk geval nog nooit ons s'n gewees nie.
- Moet God tevrede wees met die afskeep tyd, die afskeep offers, die afskeep geld.
  - o "Die Here moet maar verstaan as ek nie kan nie". Nee, as ons so wil lewe, bring ons dorings en distels voort en is dan reg vir die oordeel, en dan help die eerste beginsels van fondasie lê van bekering uit dooie werke absoluut niks.

Toe Christus by die vyeboom gekom het, Hy net een ding gesoek en dit is vrug. Hy het die vrug van die Gees by jou kom soek, naamlik jou <u>vrug van jou gehoorsaamheid</u>. Die vrug wat ons egter moet dra in die lewe is die vrug wat Hy gedra het. Ons kan nie iets anders voortbring as die voorbeeld wat Hy kom stel het nie.

As jy vandag 'n lewe lei en die lewe bring 'n ander tipe vrug voort moet jy beslis ernstig bekommerd raak want dan gaan jy dit nie maak nie. Die Bybel sê vir ons dat dit gaan verbrand word en Hy praat nie met mense wat nou-net tot bekering gekom het nie. Hy praat met kinders van God wat al jare 'n pad met die Here loop. Watter soort vrug bring jou lewe voort? Die gedagte van dat "*as ek die Here aangeneem het gaan ek hemel toe*", is nie waar nie. Die Woord sê as jy nie die vrug dra van Christus Jesus wat Hy kom

dra het van die Vader vir ons nie, dieselfde vrug, dieselfde eienskappe, dieselfde DNA nie, dan het jy moeilikheid.

## 3. DIENSBAAR

**Heb 6:9 Maar, geliefdes, ons is aangaande julle van beter dinge oortuig, dinge wat saamhang met die saligheid, al spreek ons ook so.**
**Heb 6:10 Want God is nie onregverdig om julle werk te vergeet nie en die liefde-arbeid wat julle betoon het vir sy Naam, omdat julle die heiliges gedien het en nog dien.**

Daar is nie ‘n ander evangelie nie. As jy vandag sê jy is ‘n kind van God en jy is oppad om ‘n ewigheidsloon vir jouself te verwerf, moet ek nou vir jou sê is dit die kern, en ons kan nie bly by die fondasie-lêery nie. Ons moet oorbeweeg na die volwassenheid in Christus.

### Wat doen ons vir Sy Naam?

Hierdie is ‘n baie belangrike punt.
Jesus sê as jy vir die geringste van My huis ‘n glas water gee, dan gee jy dit vir Myself.

- ♦ Ons moet oppas dat ons as kinders van God nie sommer net leë beloftes maak aan mense deur te sê dat die Here sê ek moet dit of dat doen, en dit of dat gebeur net nooit nie.

As ons nie Sy Naam kan bely nie en die liefde-arbeid wat ons betoon het vir sy Naam, kan Hy ons ook nie bely nie. Hoekom? Omdat julle die heiliges gedien het en nog dien.

### Hoe dien ons mekaar?

Wat het Christus op die aarde kom doen? Het Hy gekom vir die rykes en die edeles en die wie die begeertes daarna het? Nee! Die Here wil hê dat dit met jou goed gaan sodat die seën van die Here op jou gesien kan word. Maar hoe hanteer ons dit?

Kom ons gaan kyk wat is die liefde-arbeid, hoeveel gee ek regtig vir die liefde-arbeid van die Here. Hoeveel saai ek in die koninkryk.

Hy sê: “Moenie vir julle skatte bymekaar maak nie.” Belê in die ewigheid, belê in siele, belê in dit wat God wil hê.
Hy sê:

- Ek wil hê jy moet anderkant ‘n erfporsie hê,
- Ek wil nie jou geld hê nie,
- Ek wil hê die Here moet jou seën,
- Ek wil vir jou die woord van God gee sodat die skille van jou oë kan afval sodat jy kan sien dit help jou niks op hierdie aarde om hierdie kant skatte en roem en eer en goed bymekaar te maak nie.

Laat Jesus Christus bely en ten alle tye verheerlik word. Die liefde-arbeid wat ons betoon het aan die heiliges, sodat Hy ons kan verheerlik.

Wat het Jesus kom doen op die aarde? Het Hy gesê hoe hy geëer moet word. Mense het nie eens geweet Hy is die Seun van God nie. Hy het nooit vir hulle gesê hy is die Seun van God nie. Hy het net vir hulle gevra: “Wie dink julle is Ek?” Maar deur die diens wat Hy gelewer het, het mense laat besef, self Nicodemus, dat hierdie is nie ‘n normale mens nie, want dit is nie hoe ‘n gewone mens optree nie.
Christus het die hart van die Vader vir ons kom wys. Hy was die saad wat die Vader kom saai het op die aarde. Die vrug van Sy lewe het vir ons die hart van die Vader gewys. Hy het vir ons kom sê om hierdie voorbeeld uit te lewe. As ons Sy saad in ons het, sal ons dieselfde vrug voortbring.

Wat is die vrug?
Die vrug is die liefde-arbeid vir Sy Naam omdat julle die heiliges gedien het en nog dien.

Daar is nie ‘n ander resep nie.

-o0o-